# Beaumont Nuusbrief
## 8 Des 2015





## Beste ouers: Wat wou ons bereik met hierdie uitreik ?



**1.UT PROSIM is Beaumont se leuse en om te dien is wat die gr1,2 en 3's weereens hierdie jaar gedoen het! DANKIE JULLE ♥**

2.Hierdie jaar het **Narrie en Katinks** kom kuier en ons was baie opgewonde en bevoorreg dat hulle al die pad uit die Strand gekom het om hul hart met die maats te kom deel.Hulle het vertel van die EEN GROOT GESKENK, JESUS wie ons elkeen so nodig het en Wie die beste en enigste is wat ons kort in ons lewe.Die kinders het aan hulle lippe gehang! Die sowat **85 kleuters** (meeste van hulle is wynplaaswerkers se kinders) van **Rustenhofplaas, Croydon, Babbel en Krabbel en Blaauwklippen** geniet die uitstappie baie!

Katinks en Narrie



**3. Die Beaumont maats het spontaan omgegee vir die klein maatjies en omgesien na hul behoeftes**-Voorwaar 'n riem onder die hart om te sien !



**4.Daar is lekker gesing onder die bekwame hand (stem) van Tanja van Loggerenberg** wie hierdie jaar by gr3 gehelp het met die Kinder EEIII lesse en veral met die lofprysing **5.Daar is saamgekuier, boeresport** gedoen en **geskenke**, in sakkies wat versier en gepak is deur die gr3's, is uitgedeel. Die **koek** was verseker weereens 'n hoogtepunt en is sommer baie geniet! Dankie aan ouers vir milde donasies sodat ons BAIE lekker koek kon koop die jaar! **NB Sien bl 2: foto's wat 'n storie vertel...**





Ons wys liefde aan ander kinders op tasbare manier ♥

**DANKIE VIR ELKEEN SE BYDRAE –**

**Veral Marike en graad 3's wie pakkies versier en geskenkies en eetgoed so mooi verpak het**

**Dankie ook almal wie gehelp het met vervoer -**

**DIT WORD BAIE WAARDEER! Die uitreik was 'n reuse sukses! Almal stem saam dat ons dit volgende jaar weer moet doen. Ons gee aan God die eer vir hierdie dag!**





Die graad 3 klas wie so fluks pakkies versier en gepak het! Dankie!



Rustenhofplaas se vroue!



Blaauwklippen se kleuters



Die graad 2 klas  van juffrou Bester

**Bid asb vir jou kind en die bediening. Groete Celeste Steinmann 082  322 5299 of  stuur e-pos na : celeste@hey.org.za**





Pragtig versierde sakkies - Croydon en Babbel en Krabbel se kinders by Katinks!